God@Work

My werk is vir God belangrik!

Marié Britz - Sondagaand, 20 Januarie 2013

Daar is veral drie algemene denke/modelle oor die verstaan van die verhouding tussen werk en my geloof en lewe met God:

1. **Sekulêre model** – Dit is waar daar 'n totale verwydering is tussen die wêreld van my werk en die wêreld van God en geloof. M.a.w dit wat by die werk gebeur, is glad nie vir God belangrik nie en dit wat ek dink vir God belangrik is, is totaal irrelevant by die werk.

Hier is 'n *psigologiese* onderbou aan die denke:

- Die absolute doel van werk is selfvervulling. Hoe gelukkig ek gaan wees en wat ek gaan bereik, hang absoluut van myself af. "Your destiny lies within yourself".
- Sukses in die lewe word gemeet aan jou sukses in jou werk. Jy kyk na mense en meet mense deur hulle materiële welstand, hulle professionele erkenning en status in die samelewing. "Performance is all that matters!"
- 'n Ander belangrike motto onderliggend aan die model is: "You've got to do whatever it takes to get the job done". Hoe jy die werk gedoen kry, maak nie saak nie (of jy mense benadeel, onregverdig optree ens) maak nie saak nie. In 'n Time Magazine skryf Malcolm Forbes: "The hottest topic on Wall Street isn't the spectacular gyrating and heady climb of the Dow Jones industrials. The most widespread concern about Wall Street is over its standards, ethics and morality – triggered by the multi –billions made from illegal machinations.

2. Die Hiërargiese model

Hierdie model maak ook 'n groot onderskeid tussen werk en geloof en God. Waar die vorige model jou werk en selfvervulling as die hoogste behoefte gesien het en God wat geen plek daar het nie, is hierdie model weer net die teenoorgestelde. Alles gaan oor jou geloof en werk word as't ware as die vyand gesien.

3. Hoofstroom denke

Hier word werk as belangrik beskou en in verband gebring met jou geloof en elke dag se lewe. Maar werk word primêr gesien as 'n geleentheid om die evangelie te deel met jou werksmense en personeel en jou kliënte. So jou werk is eintlik jou sendingveld waar jy mense moet oortuig en teenoor hulle getuig van God.

- So jou sekulêre werk is belangrik vir sy evangeliese waarde, nie omdat die werk self soseer waarde het nie.

- Jy moet jou werk so vinnig as moontlik doen om soveel moontlik tyd vir evangelisasie te kry.
- Al jou besigheidsbesluite word geneem op grond van die mate wat dit jou geleentheid gee tot evangelisasie.

Hierdie model is veral beperkend in hoe dit oor die waarde van werk dink en natuurlik oor die lewe. Alles word alleen gesien as 'n platform tot evangelisasie.

Kom ons kyk na 'n paar Bybelse beginsels wat ons kan help met ons denke oor God en werk:

1) **Werk is vir God belangrik** – God is self 'n werker/'n werkende! Gen 2:2 verwys na sy skeppingswerk. Sy werk het nie na die skepping gestop nie. Joh 5:17 "My Vader werk tot nou toe, en ek werk ook." Sy werk sluit ook so 'n wye verskeidenheid in: Ps 104:10-30. God is 'n werker – werk as sulks het 'n intrinsieke waarde. God noem dit wat Hy doen werk en sê dit is goed!!
2) **God het ook die mens geskape na sy Beeld** – ons is ook geskape na God se beeld as werkers. (Gen 1:26, 28-29)
3) **Ons is geskape as sy mede-werkers**. Gen 2:8;15.
4) **Werk is 'n geskenk/gawe**! Prediker 5:17-19

Dit is dus baie duidelik dat werk vir God belangrik is. Ons kan God en werk nie los maak van mekaar nie!

- Deur ons werk dien ons mense
- Deur ons werk vervul ons ons eie behoeftes.
- Deur ons werk sorg ons vir ons familie
- Deur ons werk kan ons help met behoeftes rondom ons – dit gaan nie net oor selfvervulling en myself nie!
- Deur ons werk is ons lief vir God wat ons gemaak het met gawes en passies en talente.
- Dan vervul ons die groot gebod. Liefde vir God, liefde vir myself en liefde vir my naaste.

Werk is nie die gevolg van Sonde nie. Werk was van die begin af deel van God se roeping vir ons. Die sonde het werk moeiliker kom maak, dit beïnvloed verhoudinge by die werk, dit beïnvloed sisteme, en hoe mense hulle werk doen. Maar werk is God gegewe. En maak nie saak wat jou werk is nie. Jou werk is vir God belangrik en met jou werk kan jy God dien deur dit te doen met integriteit en passie en liefde.

Vir God is dit nie so belangrik **watter** werk jy doen nie, maar **hoe** jy die werk doen!

Miskien kan hierdie help:

His work – our motives; **His way** – your "workstyle"; **His results** – our outlook